

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 16 Mar 2018
Page: 27

AVE: 39708.86
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

NASIONALE BYEENKOMS

# SA blitse bult spiere

## Horn en Krugersdorp-skoolseun herskryf rekordboeke

**Wim Pretorius**

Die bloeitydperk in Suid-Afrikaanse naellope duur voort.

Toeskouers by die Universiteit van Pretoria se L.C. de Viliers-stadion is gister, op die eerste dag van die Suid-Afrikaanse atletiekbyeenkoms, getrakteer op spoed, spoed en nogmaals spoed.

In die halfeindronde van die 100 m vir vroue het die Suid-Afrikaanse rekord gespat en in die mans se halfeind het 'n hele halfdosyn atlete onder 10.22 s geduik.

Die eerste groot hoogtepunt van die kompetisie is gelewer deur die Noord-Gautenger Carina Horn, wat die rekordboeke herskryf het.

Horn het in haar halfeind koning gekraai met 'n tyd van 11.03 sekondes, en die SA rekord van 11.06 wat sy tot gister saam met Evette de Klerk gehou het, sodoende oortref.

"Ek is baie bly ek kon dit regkry. Ek het besluit op 'n aanslag op die rekord in die halfeindronde aangesien ons nie weet wat die weer (vandag) gaan doen nie," het 'n verheugde Horn gesê. "Nou kan ek vir onder 11 sekondes mik.

'n Nuwe topkerf is ook gestel in die halfeindronde vir mans, toe Thando Dlodlo, 'n matrikulant aan die Hoërskool Monument in Krugersdorp, die junior SA rekord verbeter het tot 10.11. Dit is een honderdste van 'n sekonde vinniger as Gift Leotlela se ou rekord.

"Ek is tevrede (met die rekord), want dis waarvoor ek gekom het," het Dlodlo gesê. "Ek dink steeds nie dis my beste nie, maar dit was goed om die rekord te kry."

Leotlela is een van die sterre wat nie by die SA byeenkoms in die 100 m in aksie is nie, saam met onder andere Thando Roto, Clarence Munyai en die beseerde Akani Simbine (dyspier) en Wayde van Niekerk.

Maar selfs sonder al dié blitse was vinnige tye aan die orde van die dag.

Roscoe Engel het die pas met 'n tyd van 10.06 aangegee. Dit is 0.13 sekondes vinniger as sy vorige persoonlike beste.

Hy sal vandag in die eindstryd met Simon Magakwe (10.09), Henricho Bruintjies (10.10), Dlodlo (10.11), Anaso Jobodwana (10.21) en Thembo Monareng (10.23) meeding vir die nasionale 100m-kroon.

Uit 'n naellope-oogpunt was die enigste teleurstelling die mans se 4x100-aflos.

Die verwagting was dat Noord-Gauteng se rits sterre die pap sou dik aanmaak, maar nadat Simbine onttrek het, het sy mede-Tukkies Jobodwana, Bruintjies en Munyai ook die aflos die rug toegekeer.

Weg van die naellope was dit 'n dag om te onthou vir die langasem Dominique Scott-Efurd. Sy het die eerste nasionale titel van haar loopbaan verower toe sy met 'n tyd van 16:55.05 in die 5 000 m 20 sekondes vinniger was as Kyla van Graan (tweede in 17:15.70).

In die verspring het die wêreldkampioen, Luvo Manyonga (8.03 m), en die bronsmedaljewenner Ruswahl Samaai (7.77) maklik vir môre se eindronde gekwalifiseer.

Antonio Alkana, die nasionale rekordhouer in die 110-hekkies, het sy uitdun met 'n tyd van 14.02 gemaklik gewen.




**Roscoe Engel loer na die elektroniese telbord nadat hy die 100 m in 10.06 s kafgedraf het.** Foto: GALLO

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.